# ECHO OF HIS CALL

AFRIKAN

## EGGO VAN SY ROEP

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

REACHING NATIONS

Published monthly in ENGLISH, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, KANNADA, MARATHI, BENGALI, GUJARATI, ODIYA, ASSAMESE, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINHALA & AFRIKAANS

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ | - In 16 Tale | *Mederedakteur:* BRO. WILLEM JACOBUS PRETORIUS

**Vol. XVII** NOVEMBER 2023 **No. 05**


### DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

### PSALM 138:1-8

1. Ek wil U met my hele hart loof. Laat die gode maar hoor; dit is tot u eer dat ek sing.
2. Ek wil na u heilige tempel toe buig en u Naam roem om u liefde en trou, want U het u Naam en u woord bo alles gestel.
3. Toe ek na U geroep het, het U my gebed verhoor en my nuwe krag gegee.
4. Al die konings van die aarde sal U loof, Here, wanneer hulle u woord hoor,
5. hulle sal sing oor wat die Here gedoen het, want die mag van die Here is groot.
6. Ja, al is die Here hoog verhewe, Hy gee om vir die nederige, maar Hy sien van ver af deur die hoogmoedige.
7. As die nood my oorval, hou U my in die lewe teen die woede van my vyande in: U strek u hand uit, u regterhand red my.
8. Die Here sal vir my alles goed laat afloop. Aan u liefde, Here, is daar geen einde nie. Moet tog nie die werk van u hande laat vaar nie.

# KIES JOU GEVEG!

RECOGNIZE YOUR BATTLE FIELD!

*Deur Eerw. Angeline Selvakumari*



Ek en my gesin het onlangs 'n vriend gaan besoek vir wie ek 'n tyd lank nie gesien het nie. Ek was baie opgewonde oor die besoek, maar met al die nuwe paaie en ompaaie het ek besluit om op Google Maps te vertrou vir die roete. En groot verrassing ... toe verdwaal ek. Maar ek moet sê, met alle respek vir Google Maps, dit wou my op die beste roete lei, maar die eintlike roete was nie ideaal nie. Ek het in sirkels gery en dit het begin laat raak en toe begin ek ongeduldig raak.

Ek vermoed baie van julle ken so 'n ervaring. Terwyl ek by 'n verkeerslig wag, onseker of ek reguit moet aangaan of draai volgens Google se aanwysings, merk ek op dat die Google-pad baie nou was. Ek was onseker of ek deur so 'n nou paadjie kon ry. Daarom besluit ek toe om 'n fietsryer voor my vir aanwysings te vra. Tot my verligting sê hy dat hy by die bestemming woon en bied aan om vooruit te ry. Groot verligting! Die beste van alles was dat hoewel ek die fietsryer gevolg het, het my

*....verv. op.bls. 3*


**Echo of His Call**

*YouTube Christian Channel !*



**Jy sal die geleenteheid kry om saam met Pr. S. Sam Selva Raj te bid!**

**Boodskap & gebed in 5 minute!!**

**Engels, Hindi, Tamil & Telugu**

Elke dag – 5.00 vm

**Tamil Sondagdiens – 8.30 vm.**

ECHO OF HIS CALL - (1969-2019 GOLDEN JUBILEE YEAR)



## *van julle geliefde broer...*



### Ons Sendingopdrag

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.

HON. EDITOR - IN - CHIEF
Rev. Angeline S. Kumari, M.A., M.Sc., M.Ed.
MANAGING EDITOR
Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.
GENERAL MANAGER
Bro. N. Prakasam, M.A., M.Sc.(C&P), PGDHRM., MBA.
ADMINISTRATION
Sis. Jesy Veena Sam
Bro. K. Puratchivendan, M.Com., C.A., B.L.
Dr. P.E.R. Premchand, M.Sc., M.A., M.Ed., Ph.D.
Dr. C.G.S. Baburao, B.Tech., M.Tech. (DM), Ph.D.
Dr. Rabinder Boaz, M.S. (CMC)
EDITORIAL BOARD
Sis. Serena Bevin, M.A., M.Phil., B.Ed.
Sis. Sajini Cherian
Sis. L. Mariya Anjalin, M.A., M.Sc., B.Ed.
Rev. Dr. K.R. Rajasekaran
EDITOR, PUBLISHER & PRINTER
Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98410 71852, 98412 71858
95661 31858
E.MAIL ID
sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in
WEBSITES
www.echoofhiscall.org
www.stpaulsmatriculation.com
YOUTUBE CHANNEL
Echo of His Call

**Mag barmhartigheid, vrede en liefde oorvloedig aan julle geskenk word. Judas 1:2**

Geliefde broers en susters in die Here Jesus Christus,

Die genade van ons Here God en Jesus Christus is by julle. Ons hoop dit gaan goed met julle, en ons bid vir julle behoeftes.



*Suster Sajini Cherian*



*Broer Willem Jacobus Pretorius*

Ons dank God vir al sy hemelse voorsiening vir sy bediening van **Echo of His Call.** Ons dank Hom ook dat Hy vir ons suster Sajini Cherian gegee het as ons Engelse Hulpredakteur en broer Willem Jacobus Pretorius as ons Afrikaanse Hulpredakteur. Onthou hulle asseblief saam met die ander 14 hulpredakteurs en hulle medewerkers waar hulle bly.

Ons ontvang goeie terugvoer oor al die bedrywighede van **Echo of His Call** bedienings. Die Here raak mense se lewens aan oral oor die wêreld. Ons is ook dankbaar dat die Here God ons gebruik om sy Koninkryk te bou.

Soos ons reeds vir julle geskryf het, gaan ons deesdae deur verskeie soorte geestelike oorlog. Daarom pleit ons by julle om vir ons te bid.

Maar ten spyte van die ongunstige geestelike omstandighede wat ons deurgaan, het ons nie opgehou om vir julle goeie welsyn te bid nie. Terwyl die wêreldsisteme gedurig verander, het ons as dienaars van God in die wêreld besondere aanraking en beskerming van ons Almagtige God nodig, sodat ons die salwing op ons kan deurgee aan die mense van hierdie wêreld. Ons kan sê dat ons ook in die voorste linie van die geestelike oorlogsveld is. Ons God Jesus Christus is ons Kaptein en Beskermer. Amen.

God seën julle al meer en meer.

Julle dienaars in Christus Jesus,

PS. S. SAM SELVA RAJ & ALEX SAMSON SAM.

(+91) 98412 71858 / 98410 71858, Epos: sam@echoofhiscall.org

Our Ministries: ECHO OF HIS CALL Monthly Magazines (16 languages) BIBLECOR - Postal Courses (3 languages) Media Ministry Online Courses Theological Correspondence Courses (2 languages) Church Planting Nehemiah Bible Colleges Gospel Printing Press Great Commission Partners St. Paul's Matriculation School Crusades Community Development

*verv. v. bls.1*

navigasiestelsel aangehou instruksies gee vir 'n ander roete. Maar ek het besluit om dit te ignoreer omdat ek vertroue gehad het in die persoon wat ek gevolg het. Hy het die pad baie goed geken en was tevore daar. Dit was so 'n verligting om iemand te kon vertrou vir leiding.

Het jy al gewens jy het so iemand om jou lewe te begelei? Iemand wat moeilike en komplekse besluite vir jou kan neem, en jy moet maar net volg? Glo dit of nie, ons het so iemand. Sy naam is Jesus Christus. Hy ken ons verlede, hede en selfs ons toekoms. Hy was al by ons môres. Hy weet alles voordat dit by ons kom. Dit is so omdat **Hy ons gekies het voor die skepping van die wêreld** (Efesiërs 1:4). Hy het 'n wonderlike plan vir ons elkeen. Jeremia 29:11 verklaar so: **"Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!"**

Wat ook al gebeur, ons lewens sal beslis die Almagtige se plan vir ons volg. Dit sluit in die goeie, die uitdagende en die ongunstige aspekte van die lewe.

## 1. Stry die Goeie Stryd: Wees 'n Vegter, nie 'n Kwelkous nie!

Dit is belangrik om in te sien dat God uitdagende en konfronterende en verwarrende omstandighede uiteindelik bewerk tot ons voordeel. Hy het ons elkeen geroep om vegters te wees, nie kwelkouse nie. Die lewe se uitdagings kan ons dikwels moedeloos maak dat ons ons uitsig verloor. Maar ons moet nie vergeet dat Jesus Christus gekom het, gesterf het aan die kruis, en weer opgestaan het om vir ons ewige lewe te gee nie. Ons huidige lewe is kortstondig, dien as oefenplek vir die ewige lewe wat kom. **Alles wat ons hier beleef is om ons te vorm na die beeld van Jesus** (2 Korintiërs 3:18). Soos Paulus in 1 Timoteus 6:12 sê dat die **doel van ons bestaan is om die ewige lewe in te gaan.** Daarom is ons almal geroep om **die Goeie Stryd te Stry.**

In Paulus se woorde: "In die goeie wedloop van die geloof moet jy al jou kragte inspan en die ewige lewe as prys behaal. Daartoe het God jou geroep en het jy die goeie belydenis voor baie getuies afgelê."

Hoe kan ons hierdie edele geveg aandurf? Net deur geloof. Ons kan nie hierdie regverdige geveg doen sonder geloof nie en ook nie sekerheid van Ewige Lewe hê nie. Dit beteken ons mis dan die hele doel van ons bestaan. Psalm 144:1 sê dit pragtig: **Geloof sy die Here, Hy is my rots. Hy leer my hande om oorlog te maak, my vingers om te veg.** God is ons



*God oefen my vingers vir die geveg!*

afrigter en die bevelvoerder van ons hemelse weermag wat ons voorberei vir oorlog. Hy is die Heer van die leërskares wat ons bemagtig om die uitdagings te ontmoet. Soos Eksodus 15:3 verklaar: **Die Here is oorwinnaar in die stryd, sy Naam is 'die Here'!** Hy wil hê dat ons soos Hy vegters sal wees, nie kwelkouse nie. Wees gerus, ons word gelei deur die "alles-wetende bevelvoerder". Daarom, moenie opgee nie! Onthou, ons baklei 'n geveg wat reeds oorwin is deur ons Heer en bevelvoerder op Golgota.

## 2. Wapens vir die Geveg!

God het vir ons kragtige wapens gegee om mee te veg. Ons lees daarvan in 2 Korintiërs 10:4 – **"Die wapens van ons stryd is nie die wapens van die mens nie, maar die kragtige wapens van God wat vestings kan vernietig."**

Hierdie wapens is so kragtig dat dit vestings kan vernietig, of dit sonde is of bindinge, of familie-vloeke wat ons soos mislukkings laat voel. As jy 'n herhalende patroon van siekte of gebrokenheid in jou gesin sien, is dit tyd om hierdie wapens te gebruik. Verklaar oorwinning deur die bloed van Jesus Christus wat vir ons gestort is op die kruis van Golgota. Begin die wapen gebruik – God wat vir ons stry in die gevegte van die lewe.

### JY HOEF NIE ELKE GEVEG TE BAKLEI NIE!

Tog moet ons besef dat ons nie elke geveg hoef aan te pak nie. Sommige uitdagings is daar om ons aandag af te trek van die hoofsaak. Ons moet leer om ons gevegte wys te kies. Moenie energie, tyd en krag mors op onnodige gevegte nie. As ons elke dreigende aanval op ons lewe aanpak, sal dit ons uitput en erg vermoei. En dan mis ons die eintlike geveg waarvoor God ons geroep het.

### HOE HOËR DIE ROEPING, HOE GROTER DIE UITDAGINGS!

Wanneer God jou roep vir 'n groot saak, sal daar uitdagings wees wat jou probeer verhinder om dit te

bereik. Maar as ons te veel daarop fokus, sal ons die seën daaragter mis.

Die verhaal van Dawid en Goliat in 1 Samuel illustreer dit vir ons baie mooi, en dis nogal 'n bekende verhaal vir die meeste van ons.

Hier sien ons Goliat daag die leër van Israel uit vir 'n een tot een geveg. Hy hou aan skreeu en vloek vir 40 dae lank en bring groot angs onder die soldate. **Toe die Israeliete die man sien, het hulle almal vir hom gevlug en hulle was baie bang.** (1 Samuel 17:24).

Maar kom ons kyk na Dawid se reaksie in 1 Samuel 17:26 – **" ... Wie is hierdie heiden, hierdie Filistyn, nogal dat hy die linies van die lewende God verkleineer?"** Dawid kon nie die woorde van die Filistyn verdra nie. As ons sy reaksie goed ondersoek, sal ons sy oorlogsplan raaksien.

Hy verbind sy probleem met sy God, hy weier dat iemand so teen Hom praat. In sy oë is dit nie langer sy geveg nie, maar God s'n.

Ons probeer dikwels alle gevegte self aanpak. Liewe vriende, ek dring by jou aan om elke uitdaging oor te gee aan die Here wat die magtige Vegter is. Hy sal vir jou veg. Maar ongelukkig put ons onsself uit in ons pogings om alles self te wil hanteer, en dit kan lei tot vermoeidheid, en selfs dat jy jou geloof kan verloor.

## 3. God bewerk alles ten goede!

Liewe broers en susters, God het 'n besondere plan gehad om Dawid na die slagveld te bring. Al het Dawid aanvanklik gedink hy kom net eetgoed vir sy broers bring, het God 'n hemelse plan gehad. Dit was die eerste tree om Dawid die



***Dawid baklei teen Goliat***

koning van Israel te maak. Dawid self het nie 'n idee hiervan gehad nie. Maar God het 'n ongelooflike plan en seën vir hom gehad. Net, hy moes eers voor 'n uitdaging kom. En dit weerspieël ons lewens tot 'n groot mate. Heel dikwels word ons meegevoer deur die uitdagings in plaas van te fokus op die seën daaragter.

God wou dat Dawid vir Goliat moes teenstaan. Dit was deel van sy Goddelike plan. Maar die satan probeer om God se plan in ons lewens te keer.

## 4. Leer om Weg te Draai!

Terwyl Dawid met innige passie en ywer hieroor gepraat het, het hy 'n stem gehoor. 1 Samuel 17:28 vertel: Dawid se oudste broer Eliab het gehoor wat hy met die manskappe praat en Eliab het hom vir Dawid vererg en gesê: **"Waarom het jy hierheen gekom en aan wie het jy daardie klompie kleinvee in die droëveld afgegee?"** Hy het Dawid beskuldig van vermetelheid en kwaadwilligheid, dat hy net na die geveg wou kom kyk. Dit was 'n skerp en kwetsende beskuldiging.

Dawid het nie verstaan waarom hy so behandel en beskuldig word nie en vra toe wat

*....verv. op.bls. 6*

NEHEMIA RESIDENSIëLE
BYBELKOLLEGE, TSJENNAI

Bid asb. vir

Medium : Hindi

Geregistreerde Kandidaat vir Lidmaatskap
Asia Theological Association (ATA)
Erken deur Internasionale Christenleiers &
Senior pastore vir die afgelope 54 jaar

Diploma in Ministry : Een Jaar
Diploma in Teologie : Twee Jaar
B-graad in Teologie : Drie Jaar

Kwalifikasie: 10de Standerd (Graad 12) of hoër
Haas jou vir toelating!

Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.
10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858
E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org
✶ AANLYN KLASSE IS BESKKIKBAAR ✶

GREAT COMMISSION PARTNERS
ECHO OF HIS CALL MINISTRIES SINCE 1969

# GROOT OPDRAG-VENNOTE

**OM TE DEEL** (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)



## GEBEDSPUNTE - 2023 November 19 Tot 2023 Desember 18

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

## Prys God vir ...

**November 19** ➲ Vir sy seën dat ons die eerste semester van 2023-2024 van ons **Nehemia Bybelkolleges** sukses-vol kon voltooi.

**November 20** ➲ Dat ons ons tydskrif in 16 tale kon druk en uitgee met ons drukpers en dit kon uitstuur na die sending-velde.

**November 21** ➲ Vir sy wonderwerke in ons Hospitaalbediening.

**November 22** ➲ Vir ons Sondagdienste by ons Hoofkerk en sy vertakkings om die evangelie te versprei na die onbereikte groepe.

**November 23** ➲ Vir ons Senior Pastoor vir sy toewyding om die evangelie te bevorder deur veelvuldige bedienings.

**November 24** ➲ Vir seën op ons bediening met toegewyde Hulpredakteurs wat **Echo of His Call** tydskrifbediening ondersteun.

**November 25** ➲ Vir sy guns vir ons Gebedsven-note, Ingeskrewe vennote, Geloofsgenote, Lewensvennote en Groot Opdragvennote en hulle gesinne.

**November 26** ➲ Vir ons gereelde ondersteuners en hulle betrokkenheid in ons bediening.

**November 27** ➲ Vir ons kantoor- en drukker-personeel vir hulle toewyding aan ons **Echo of His Call** bedienings.

**November 28** ➲ Dat Hy ons geseën het met ons nuwe Engelse Hulpredakteur suster Sajini Cherian en Afrikaanse Hulpredakteur broer Willem Jacobus Pretorius.

**November 29** ➲ Dat Hy ons help om die evangelie te versprei na onbereikte plekke deur ons YouTube Mediabediening.

**November 30** ➲ Dat Hy ons seën met meer kinders vir Sondagskool by ons hoof Kerk en vertakkings.

**Desember 01** ➲ Vir sy geseënde Goddelike beskerming vir die studente en leerkragte by ons **St.Paul's Matrikulasieskool** en **Nehemia Bybelkolleges.**

**Desember 02** ➲ Vir sy seën op die begin van die tweede semester van die Voltydse en Aandklas **Nehemia Bybel-kolleges** met meer studente en groter entoesiasme.

**Desember 03** ➲ Dat sy hande oor al die aksies van **Echo of His Call** bedienings is.

## Bid asseblief vir ...

**Desember 04** ➲ Die veiligheid van ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesinslede teen alle soorte bose magte.

**Desember 05** ➲ Ons Senior Pastoor terwyl hy sy outobiografie skryf.

**Desember 06** ➲ Goddelike beskerming van Pastore en sendelinge oor die wêreld.

**Desember 07** ➲ Die verkryging van ATA akkreditasie vir ons **Nehemia Bybelkolleges.**

**Desember 08** ➲ Ons **St. Paul's Matrikulasieskool** en **Nehemia Bybelkollege** se personeellede en studente.

**Desember 09** ➲ Die verwydering van die selfmoordgees onder jong volwassenes en jongmense van die wêreld.

**Desember 10** ➲ Die voorkoming van natuurlike rampe soos siklone en aardbewings wêreldwyd.

**Desember 11** ➲ Eenheid tussen alle gelowe.

**Desember 12** ➲ Uitbreiding van ons bedienings en wêreldwye verspreiding van die Evangelie.

**Desember 13** ➲ Die veiligheid van ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesinslede teen alle bose magte.

**Desember 14** ➲ 'n Groot herlewing onder alle Christelike bedienings oor die wêreld.

**Desember 15** ➲ Die terugkeer van vrede en harmonie in die staat Manipur, Indië.

**Desember 16** ➲ Goddelike beskerming en goeie gesondheid van die gelowiges in ons hoof Kerk en die vertakkings.

**Desember 17** ➲ Die redding van talle siele deur ons YouTube Mediabediening.

**Desember 18** ➲ Ons bedieningsaksies en verdere uitbreidings.

*verv. v. bls.4*

hy dan verkeerd gedoen het. Waarom kon hy nie eens daaroor navraag doen nie? Uiteindelik het hy volgens vers 29 en 30 weggedraai en iemand anders gevra. Hierdie verse vind weerklank in my gemoed omdat ons moet leer om soms weg te draai en weg te loop. Ons hoef nie in elke veldslag betrokke te raak nie.

Dawid kon besluit om te staan en stry met sy broer, om homself te verdedig teen die vals beskuldigings. Hy het alle reg daartoe gehad, want hy is geblameer en verneder voor so baie mense. En tog, hy het daarteen gekies, hy het besluit om dit daar te laat.

## 5. Moenie jou gevegsgrond mors nie!

Liewe vriende, mag God ons die wysheid gee om weg te stap van sommige situasies. Julle is almal geroep vir groter dinge, so moenie dat 'Eliab se woorde' jou aandag aftrek van dit waarvoor jy geroep is nie. In plaas van baklei teen die "Eliabs" in jou lewe, fokus liewer op die "Goliats" voor jou. Dit is normaal vir ons om hindernisse en teenstand te ondervind wanneer ons belangrike besluite neem om vir die Here te lewe. Sulke hindernisse kan kom in die vorm van mense soos Eliab. Maar as ons daardie beskuldigings en negatiwiteit ons laat oorweldig, kan ons ywer en toewyding begin vervaag.

Kom ons kyk na Eliab se beskuldigings:

"Waarom het jy hierheen gekom?"

"Aan wie hy jy daardie klompie kleinvee in die droëveld afgegee?"



*Eliab ondervra vir Dawid*

"Ek ken jou vermetelheid en kwaadwilligheid."

"Jy het net gekom om na die geveg te kom kyk."

As Dawid hierop begin reageer het, sou hy met Eliab gebaklei het en nie met Goliat nie. Hy sou nie die doel van sy koms daarheen vervul het nie. As God jou roep om teen Goliat te veg moet jy nie tyd mors met die Eliabs nie. Kies jou veldslae met wysheid. Ons stryd is nie gevegte een die Eliabs van die lewe nie, maar teen die Goliats. Leer om WEG TE STAP!!

## 6. Leer om te hardloop na ...!



Ons moet leer wanneer om weg te stap en wanneer om nader te gaan. In vers 48 sien ons Dawid hardloop na die gevegsterrein om teen Goliat te veg. Almal het vir Goliat gevlug, maar Dawid het hom tegemoet gegaan. Leer om jou gevegte te kies. Leer om ontmoedigings, beskuldigings, leuens en vernederings te ignoreer, en fokus op jou roeping. Ken die doel van jou lewe en hardloop daarheen. Moenie opgee nie!

Dawid het vroeg al geweet om sy veldslae te kies. Hy moes


**NEHEMIA AAND-BYBELKOLLEGE, TSJENNAI**

ECHO OF HIS CALL 1969-2019 GOLDEN JUBILEE REACHING NATIONS

**Bid asb. vir**

**Medium : Tamil**

Regd. Candidate for Membership ATA NEHEMIAH BIBLE COLLEGE CHENNAI ECHO OF HIS CALL Estd. 1969

*Geregistreerde Kandidaat vir Lidmaatskap*

Asia Theological Association (ATA)

Erken deur Internasionale Christenleiers &

Senior pastore vir die afgelope 54 jaar

Diploma in Ministry : Een Jaar

Diploma in Teologie : Twee Jaar

B-graad in Teologie : Drie Jaar

Kwalifikasie: 10de Standerd of hoër

Haas jou vir toelating!

**Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.**

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, BELLS ROAD, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.

Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858

E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org

gedurig in sy lewe aanslae baklei, nie net op die oorlogsveld teen sy vyande nie, maar ook met sy naby gesinslede.

## 7. Gee jou aanslae vir die Here!

In 2 Samuel 16 sien ons 'n ouer, volwasse maar uitgeputte Dawid. Hy vlug nou vir sy seun Absalom wat sy koningskap wil oorneem. Toe hy gedink het hy kan dinge rustig vat, ontspan en op sy kinders steun, moes hy vlug vir sy lewe! Hy was fisies, geestelik en emosioneel gedreineer, en toe loop hy hom vas in Simeï, 'n familielid van Saul, wat op hom vloek en skel.



*Simeï vloek vir Dawid*

**Terwyl hy loop en vloek, het Simeï uitgeroep: "Trap, trap hier uit, jou moordenaar en jou skurk! Nou straf die Here jou vir al die moorde op Saul se geslag toe jy in sy plek koning geword het. Nou het die Here die koningskap aan jou seun Absalom gegee. Nou sit jy self in die ellende omdat jy 'n moordenaar is."** (2 Samuel 16:7-8).

Kan jy jou voorstel hoe Dawid moes voel nadat hy alles vir die volk Israel en die familie van Saul gedoen het? Hy word

*....verv. op.bls. 9*


## Echo of His Call Postal Courses for candidates in India only

### 1. BIBLECOR

**Bid asb. vir**

Ons bied Korrespondensiekursusse aan oor Basiese Waarhede van die Bybel vir nuwe Christene en nie-Christene in Engels – 57 bladsye, Hindi – 76 bladsye & Tamil – 96 bladsye. Jy kry 'n kursusboek met die titel **New Life – For You! Na voltooiing van hierdie kursus sal jy 'n sertifikaat ontvang. Daar sal geen verpligte gelde wees nie. Jy sal geseën word!**

### 2. THEOLOGICAL CORRESPONDENCE COURSE

Advanced Distance Education called **Theological Correspondence Course** is available in English – 537 pages and Tamil – 652 pages for Pastors, Evangelists, Christian Leaders and for lay people who have passion to do God's Ministry! A fee of Rs. 1000/- is charged. 7 Books with 149 Chapters are supplied. **Certificate in Ministry** will be awarded. **God will bless you!**

***For more details, write to us.***

**The Chairman, Nehemiah Bible College,**

**Echo of His Call, Post Box 2957**, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005.

**Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell : 98410 71852, 95661 31858**

**E.mail : biblecor@yahoo.co.in**



## Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

### *Ons bankbesonderhede:*

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**
**BANKKODE: 334515**
**REKENINGNO: 905 129 1908**
**TAK: JEFFREYSBAAI**
**KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**
**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: miemie60h@gmail.com**

**SIS. ELBINA SMITH**
**Address : DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST,**
**JEFFREYS BAY 6330.**

**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**




# PUT TOT PALEIS

(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)

"Wie dit lees moet dit goed begryp" Matteus 24:15

## GEEN VAN SY VOORNEMENS KAN GEKEER WORD NIE!

Toe ek in 1969 die Here Jesus Christus as my persoonlike verlosser aangeneem het, het ek ingeskakel by die bediening van Pastoor S. Devadasan, redakteur van "Herald of His Coming". Hy het vir my geestelike opleiding gegee om die Here te dien en ek was 3 jaar lank saam met hom.



*Pr. S. Sam Selva Raj & Rev. S. Devadasan*

Een nag het ons vir 'n lang tyd saam gebid. Skielik het hy met my begin praat oor hoe die wêreld in die toekoms sou wees, en wat die Here deur my sou doen. Hy het van groot dinge gepraat, dinge waaraan toe nie eens kon dink nie. Ek het nie die opvoedkundige kwalifikasies gehad nie, of geld of mannekrag om al daardie groot bedienings te kon doen wat hy geprofeteer het nie!

Ek het vir hom my tekortkominge verduidelik: "Pastoor, dit is genoeg as ek die geringste dienaar in die Here se bediening bly." Hy het geantwoord: "Twee dinge is nodig om 'n gewone man na groot hoogtes te neem. Dit is (a) **geloof** en (b) **goeie gewete**, soos in 1 Timoteus 1:19 genoem. As jy dit beskerm soos jy jou oë beskerm, sal jy sekerlik al hierdie geestelike bevorderings kry wat ek pas vir jou genoem het." Die Here het my gehelp om dit al die jare te bewaar so goed as wat ek kon.

Die Here het met my gepraat net voor ek hier begin skrywe het. Ek was sprakeloos en die ene ore vir sy sagte fluisterende stem! Hy het gesê: "My liewe seun, dink 'n bietjie oor hierdie gebou waar jy nou staan. Hoe het jy dit gekry? Dink aan die bedienings wat nou hier aangaan. Kyk na die Evangelie-drukpers met die jongste tegnologie op die grondvloer! Het jy ooit gedink aan my Kerk op die eerste vloer waar 24 uur gebedsdienste gehou word? Het jy gedink aan die **Nehemia Bybelkollege Bedienings** en die **Jeugbedienings** vir die kollege seuns en dogters aan die ander kant van die eerste vloer? Het jy ooit gedink aan die **Echo of His Call** se administratiewe kantoor op die tweede vloer?"

Om bedienings te doen wat bokant jou vermoëns is, het Ek vir jou baie Äärons en Josuas gegee, vaardiger en wyser as jy om jou nou en dan te help, en Ek het jou geseën. En al dink jy nie aan hierdie seëninge nie, dink Ek altyd aan jou. Hoe was jy toe Ek jou geroep het? Hoe is jy nou? Ek wil jou bedienings nog meer uitbrei. Soos my dienaar Pastoor S. Devadasan jou geleer het, **staan vas in jou geloof en goeie gewete**. Moenie ontmoedig raak as jy deur rowwe en harde paaie in jou lewe moet gaan nie. Is dit nie Ek wat jou geroep het nie? Wat ek met jou gepraat het deur my mond, sal Ek vervul met my eie hande. Wees vol moed en moenie besorg wees oor enigiets nie."

Soms kan ek nie behoorlik besef die wonderlike en groot dinge wat die Here deur my doen nie. Geliefde broer en suster, gehoorsaam jou leiers wat God oor jou gestel het. Moenie volgens die wêreld se maniere wandel nie, maar wees onderdanig aan die leierskap en hou jou geloof en goeie gewete. As jy getrou is voor God en jou leiers, sal Hy groot dinge doen deur jou. Niks kan God keer om jou te gebruik vir magtige dade nie. Ek gee alle eer en heerlikheid aan God alleen!

********

*verv. v. bls.7*

beskuldig van moord en verraad! Ek kan my nie sy pyn en hartseer voorstel nie. Dalk, as jy dit lees, voel jy: "Dit klink soos my lewe! Na alles wat ek gedoen het kry ek net mishandeling en beskuldiging. Ek verdien dit beslis nie!"

Enigeen in Dawid se skoene sou seker begin terugskel en baklei teen Simeï, homself regverdig. Inderdaad het een van Dawid se manne gesê: **"Waarom vloek hierdie lae hond die koning? Laat ek sy kop vir hom gaan afkap."** (2 Samuel 16:9). Maar kyk na Dawid se antwoord. Weer sien ons Dawid bring sy probleme en uitdagings voor God. Hy sê: **"Miskien let die Here op my ellende en beloon Hy my met iets goeds vir vandag se vervloeking."** (2 Samuel 16:12). Hy verklaar eintlik dat die Here hom sal vergoed vir hierdie pyn. In vers 11 het hy gesê: **"... die Here het hom die opdrag gegee."** Met ander woorde God het dit toegelaat. Ons kan hierdie versekering hê dat niks in ons lewens kan gebeur nie tensy God dit toelaat, en as Hy dit toelaat, sal dit uiteindelik seën inhou.

Liewe vriende, selfs ons Here moes sy uitdagings kies. Toe hy ondervra is, sê die Bybel dat Hy stil gebly het, behalwe een keer. Net so moet ons leer om stil te wees en God die geveg laat wen. Mag die Here vir ons die genade gee om ons gevegte wys te kies. Laat Hy God wees!

*******

## BID ASSEBLIEF VIR ONS BEDIENINGE BY DIE HOOFKANTOOR

1. Gebedsdiens : 24 uur
2. **BYBELKOR** - Bybelkorrespondensiekursusse : Engels, Tamil & Hindi
3. **ECHO OF HIS CALL** - Maandblad: Engels, Tamil, Malayalam, Telugu, Hindi, Kannada, Marathi, Gujarati, Bengali, Odiya, Nepali, Assamees, Punjabi, Urdu, Singalees & Afrikaans.
4. Nehemia Bybelkolleges Drie sentra) (Aand / Resiensieel)
5. Teologiese Korrespondensiekursusse: Engels en Tamil
6. Groot Opdrag-vennote (Netwerk van Pastore)
7. Opleidingsprogramme
8. Veldtogte
9. Literatuurverspreiding en Opvolg
10. Evangeliese Drukpers -- Publikasies
11. St. Paul's Matriculation School - Village English High School
12. Sondagskole : 8.30 vm. & 4.00 nm. Sondag
13. **Tamil dienste : 09 vm. Sondag**
14. **Hindi dienste : 4.00 nm. Sondag**
15. **Telugu diens : 5.00 nm. Sondag**
16. **Engels en Tamil diens : 6.00 nm. Sondag**
17. Vrouebiduur : 5.30 nm. Woensdag
18. Mannebiduur : 7.00 nm. Vrydag
19. Dissipelskapsbyeenkoms : 6.00 nm. Saterdag
20. Huisbyeenkomste : 6.30 nm. Dinsdae en Donderdae
21. Spesiale Heilige Nagmaal : 6.00 vm. Eerste dag van elke maand
22. Terugvoervergadering van dominees :5.30 nm. Eerste Saterdag
23. Gebedsgeleentheid vir ouers :4.00 nm. Eerste Sondag
24. Naggebed : 9.30 nm. Tweede Vrydag
25. Vastende Gebed : 9.30 vm. Derde Saterdag
26. Heilige Nagmaal : Tweede Sondagdienste
27. Jeug- / Kindergebede : 10.00 nm. daagliks
28. Personeelgodsdiens : 9.00 vm. daagliks
29. Kantoor : 9. 00 vm. tot 9.00 nm. (behalwe Sondae)

## DRINGEND

Ons benodig sowat 1000 Hindi Christelike boeke vir ons **Nehemia Bybelkolleges.** Laat weet asseblief van moontlikhede om die teologiese Hindi boeke te kan bekom.

- Pr. S. Sam Selva Raj, Redakteur
+91-98412 71858

## BENODIG BIBLIOTEEKBOEKE

Ons benodig Tamil, Engelse en Hindi boeke vir ons biblioteke by **St. Paul's Matrikulasie-skool** en **Nehemia Bybel-kolleges**. As julle dalk nuwe of ouer boeke het wat in goeie toestand is en gewillig is om dit te skenk, laat ons asseblief weet.

- Pr. S. Sam Selva Raj, Redakteur
+91-98412 71858

RNITCNO.TNAFR/2007/21215, Postal Regn.No.TN/CH/(C)/127/22-24

## Bid asseblief Echo of His Call Postal Courses

TEOLOGIESE KORRESPONDENSIE- KURSUS

Doen **'n** Kursus oor die Pos in Teologie in Engels en Tamil en word **'n** geestelike dienaar binne **'n** paar weke! Sertifikaat in Bediening

**Vir besonderhede : Die Sekretaris Theological Correspondence Course,**
Echo of His Call, 10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005. Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, Cell: 98410 71858.
E-mail : biblecor@yahoo.co.in / sam@echoofhiscall.org

## Bid asseblief
### ST. PAUL'S MATRICULATION SCHOOL

Die Engelse Christen-Hoërskool wat Echo of His Call bedryf vir arm en weeskinders. Ons het borge nodig vir 200 kinders @ R200 per kind. Ons vra borge. Jy kan jou donasies na ons bankrekeninge in Suid-Afrika stuur.

**Onderrig van Gehalte!**
**Geestelike opleiding!!**

**Van kleuteronderrig tot Gr.10**

Kontak:
**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005.**
Telefoon : (+91-44) 2852 8282
Sel : (+91) 98410 71852
E-pos : sam@echoofhiscall.org

# ECHO OF HIS CALL

**Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.**

**Jaarlikse intekengeld Rs. 100/-** **Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-**

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bedieninge** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj,** sam@echoofhiscall.org) **Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.

## ECHO OF HIS CALL

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858, 98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.com

**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**

Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215
Postal Regn.No. TN/CH/(C)/127/22-24
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel"
on 4th NOVEMBER 2023
If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL
P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

***JESUS HET JOU LIEF!***

To

***GOD SEËN JOU!***

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by **S. Sam Selva Raj** at **Echo of His Call Printers**, New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**